# DIE SKIETLOOD

178ste Uitgawe 22 Mei 2020 saam met Koersvas 178


## Die Dordtse Leerreëls

*Wat die sinode oor saamgestem het uit die Woord van God en wat nou in die Reformatoriese kerke ontvang is, in artikels uiteengesit:*

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

<u>Artikel 1 - Die menslike toestand</u>. 1. *Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood. Daarom sou God niemand verontreg het as dit sy wil was om die hele menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Daarom leer die apostel: die hele wêreld is voor God doemwaardig. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God en: Die loon van die sonde is die dood*.

Die Dordtse leerreëls begin by die Bybel se perspektief op die mens. Die mens is sondaar en staan onder die oordeel van God. In die era van menseregte en vryheid van keuse is dit nie 'n baie gewilde plek om die gesprek te begin nie. Die volkomenheid van die sondeval moet eers begryp word voordat 'n mens die gesprek verder kan voer. Dit is maklik om te erken dat die mens sondaar is, maar dit maak dit nie maklik of logies om tot die gevolgtrekking te kom wat hierdie sondige bestaan impliseer nie. Volgens die Skrif is ons skuldig voor God, ons is totaal verlore: soveel so dat ons niks kan doen om onsself te red nie, ons kan nie eens daaraan dink nie. Ons wil in ons denke ten minste een uitweg self beheer. Daar is diegene wat stel dat dit onregverdig sou wees indien almal nie 'n gelyke kans op die hemel kry nie. Dit is 'n tipiese emosionele argument gebou op misplaaste menseregte en vermeende menswaardigheid. Eie-geregtigheid se argument is dat mense se vryheid van keuse beteken dat hulle hulself die saligheid kan ontneem (of toe-eien). Die ironie daarvan dat daar soveel mense is wat nie eens in die ewigheid belangstel nie, ontgaan die meeste. Die argumente vir en teen Goddelike uitverkiesing en verwerping val uiteen in drie benaderings.

Opsie een: Erken dat die mens totaal sondaar is, totaal verlore is. Plaas die klem daarom op God se goedgunstige genade aan sondaars. Redding is God se werk, van begin tot einde. Die is die benadering wat in lyn met die Skrif en Augustinus se denke is. Augustinus het daarop gewys dat God se genade nie mense vind wat redding waardig is nie, maar mense gereed maak vir redding.

Opsie twee: Fokus in die tradisie van Pelagius op die mens en die mens se natuurlike vermoëns en eie vermeende waardighede. In daardie konteks word redding verkry deur gehoorsaam te reageer op God se bevele en wette. Die veronderstelling is dat God wette gee juis omdat ons die vermoë besit om al God se bevele uit te voer of te gehoorsaam.

Opsie drie: Volg die humanistiese semi-Pelagianisme waar redding 'n transaksie tussen God en mens is. God gee die genade (redding) en die mens gee die geloof (keuse). Hulle wekroep: God het Sy deel gedoen (kruis en opstanding), nou moet jy jou kant bring.
Die Dordtse leerreëls kies om by die Skrif te bly, die mens se toestand is een van totale verlorenheid, die mens is magteloos om iets te doen om die situasie te verander. Daarom dus die keuse vir opsie een.

Artikel 2 - God se liefde sigbaar gemaak. *Die liefde van God is egter hierin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê*.

Die Dordtse leerreëls wil dit van die begin af duidelik maak dat die redding van die mens nie spruit uit die mens nie. Dit is nie vanuit enige menslike begeerte, waardigheid, prestasie of ander menslike saak of eienskap dat ons oor redding kan dink nie. Die genade van God kan ons net in die konteks van God se goedheid vind. Die rede vir God se genade kan ons net in Sy genade gaan vind. Die motivering vir God se genade kan ons net in God se liefde gaan vind. Dit is nie dat God iets goed in die mens sien en daardeur beweeg word om die mens genadig te wees nie.

Geen menslike argument of pleidooi beweeg God daartoe om die mens te red nie. God se optrede word deur Sy liefde gemotiveer. God staan onder geen verpligting om ons genadig te wees nie. Ons verdien die oordeel en dood. Dit is God wat sondaars opsoek, nie sondaars wat na God soek nie. God stuur Sy Seun op grond van liefde en genade, nie omdat ons waardig is of iets verdien nie.

Artikel 3 - Verkondiging van die Evangelie. *Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde, want: Hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?*

Dit is belangrik om te let op die manier waarop doel met middele gekoppel word. Hier is geen groot sprong van God se genade na die mens se reaksie nie. Die rede vir God se genade word gevolg deur die middel waardeur hierdie genade aan mense oorgedra word. God se begeerte om mense wat sondaars is te red; al verdien geen mens dit nie, lei daartoe dat die Evangelie aan mense verkondig word.

Die woorde van Romeine 10:14-15 kan nie oorbeklemtoon word nie. *("Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.")* Hierdie Evangelie, hierdie Woord van God is die instrument

wat God kies om mense by Sy genade in te trek.
God se Woord en die verkondiging is die toonbeeld van God se krag om te red. Deur die prediking is dit God self wat aan die woord kom en die mens roep tot Sy koninkryk. Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil.

Artikel 4 - Die tweërlei reaksie op die Evangelie. *Die toorn van God bly op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie. Hulle wat die evangelie egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe.*

Johannes 3:36 stel die saak so: "Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom." Buite Christus is daar geen hoop nie. Dit is net in Hom wat die mens die blik van die toorn van God kan ontsnap. Die twee-snydende swaard word altyd weer beklemtoon. Daar is geen neutrale reaksie tot die Evangelie nie. Jy glo dit of jy staan onder die oordeel van God, selfs al wil jy dit nie glo nie. Een van twee reaksies is moontlik op die prediking wat in artikel 3 genoem is; jy glo óf jy glo nie. Die wat glo, staan onder God se genade. Die wat nie glo nie, bly staan onder die oordeel van God. Die oorlog is verby. God het sonde en dood oorwin. Hy roep mense deur die prediking. Sekere mense reageer positief, ander reageer negatief en ander reageer neutraal (wat ook negatief impliseer). Gelowiges staan nie onder die wet en oordeel nie. Ongelowiges kan hulself troos met teorieë en eie-geregtigheid, maar hulle bly staan onder die oordeel. Anders gestel, net diegene wat hoor en glo, beweeg uit die oordeel na die saligheid. Diegene wat hoor en in menslikheid volhard, bly onder die oordeel vasgevang. Geloof in die prediking beteken dat ons God vertrou en aanvaar dat Hy ons na Hom geroep het en die prys vir ons sonde betaal het.

Artikel 5 - Die bronne van geloof en ongeloof. *Die oorsaak of skuld van daardie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie, maar by die mens. Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is egter 'n genadegawe van God. Soos geskrywe is: Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God, ook: Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo*.

Waarom is dit dan dat alle mense nie dieselfde reageer op die verkondiging nie? Waarom is dit dat sekere mense glo en ander bly vasgevang in ongeloof? Die Dordtse leerreëls poog vervolgens om hierdie lastige vrae te beantwoord. Sekere mense ontvang die Evangelie en alle eer moet aan God gegee word volgens die Skrif, ander verwerp die Blye Boodskap en dit is die skuld van die vervalle mensdom. Ons moet ter aanvang eerlik wees en duidelik stel dat ons nie die harte van mense kan ken nie en derhalwe nie werklik al die redes kan

gee waarom mense die verkondiging en Evangelie verwerp nie.
Nou begin die verwyte en manipulasie-argumente: As redding totaal van God afhang en nie alle mense gered word nie, beteken dit dat God onregverdig is in Sy handelinge met mense; hoekom het God nie alle mense uitverkies nie? Dit lyk asof God sekere mense verhinder van die Evangelie glo.

In antwoord op hierdie en soortgelyke besware begin artikel 5 heel korrek by die mens in sy verlore toestand. Die mens is uit eie keuse sondaar, totaal verlore en derhalwe uitgelewer aan oordeel en dood. Elkeen dra eie skuld aan eie sonde en daarom oordeel en verdoemenis. Dit is die mens se eie skuld dat hy vir die verdoemenis bestem is, dit is nie God wat onregverdig optree nie.

Indien dit waar is dat ons totaal verlore is en nie iets kan doen om onsself te red nie, kan dit nie anders as dat ons redding as vrye geskenk van God moet verstaan nie. Ons word in genade deur geloof gered, dit is God se geskenk. Sondaars ontvang die soenverdienste van Christus deur geloof alleen. God het bepaal dat die blye boodskap deur verkondiging aan almal sal uitgaan en dat elkeen deur geloof gered sal word.
Wat het hierdie artikel eintlik in die oog? Kort antwoord: Die eer van God. Die doel is om dit duidelik te maak dat alle eer aan God alleen gegee moet word. Enige standpunt wat in beredenering of stellings God se eer aantas moet verwerp word. Enige argument wat wil redeneer vanuit menslike verdienste - hetsy iets goeds wat God na vermoede in ons raaksien, of iets goeds wat ons na bewering gedoen het wat God positief instel teenoor ons - sal wegneem van die vryheid van God se geskenk. Enige verdienste hoegenaamd, lewer God en Sy eer uit aan ons vermeende waardigheid en verdienste. Enige eie verdienste of waardigheid verminder die waarde van God se vrye genade, maak dat ons die liefde van God nie na waarde ag nie.

Juis hierdie punt moet onthou word, veral ten opsigte van die besprekings wat volg: God se eer word bo alles eerbiedig en geplaas. Die mens kan nooit as werkgenoot, helper of vennoot verstaan word nie.

Volgende uitgawe Artikel 6 en volgende Artikels.